Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 39

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Ons voorblad.

OP DIE BERGHOOGTES

Baie van die keerpunte in die Bybelgeskiedenis het op die berghoogtes plaas gevind.

Dis ark het op die berg Ararat gerus.

Abraham moes sy seun Isak op die berg Moria gaan offer.

Die wet van God is vanaf die berg Sinai gegee.

Elia het die volk Israel op Karmel tot bekering geroep.

Op die berg Horeb het God aan Elia in die suise van die stilte verskyn.

Jesus het die saligsprekinge op 'n berg uitgespreek.

Kort voor sy kruisiging is Jesus op 'n hoë berg verheerlik.

Op die heuwel Golgota is Christus gekruisig.

Vanaf die Olyfberg het Hy na die hemel gevaar.

Die wêreldgeskiedenis loop daarop uit dat die Nuwe Jerusalem, die stad van God op 'n groot en hoë berg neerdaal.

Op die berge is dit stil.

Daar is 'n mens naby God.

Behalwe op Golgota, waar Jesus deur God verlaat is.

Sodat ons in ons lewe die berghoogtes na God kan bestyg.

WAAROM MAAK GOD SO MET MY?

Dit gebeur dikwels dat gelowiges hier op aarde deur rampe en teëspoede getref word. Voor hulle geestesoog sien hulle in sulke ure van nood en smart hoe hulle ideale soos 'n kaartehuis ineenstort. Hulle het alles ook so anders beplan. Maar nou, kyk hoe lyk dit nou! In sulke donker dae as alles vir hulle totaal doelloos en sinloos lyk, word baie keer die vraag aan hulle siele ontpers: "Waarom maak God so met my? "

'n Ernstige vraag.

Op hierdie vraag het God n antwoord. Hy het 'n goeie rede waarom Hy so met ons maak, en die rede is dat Hy n bepaalde, duidelike omskrewe plan en doel het met ons lewens. Wat hierdie doel is, deel Hy aan ons mee in Rom. 8:28, 29: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, **alles ten goede meewerk,** vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer **om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun."** Hieruit is dit duidelik dat God se doel en plan met al sy kinders is om hulle gelykvormig te maak aan die beeld van sy Seun, met ander woorde, om hulle daartoe te bring om in alles, in hulle woorde, dade, gedagtes, gesindheid en begeertes die beeld van sy Seun te vertoon, want alleen wie sy beeld vertoon, kan die ewige lewe beërwe.

Alles ten goede.

God se doel en plan in ons lewens is dus om ons, deur alles wat aan en met ons gebeur, te vorm, te vervorm, te hervorm om die beeld van sy Seun te vertoon, sodat ons nie die ewige verderf nie, maar die ewige heerlikheid kan binnegaan.

Alles wat in ons lewens gebeur, moet ons dan ook sien in die raamwerk van hierdie goeie doel en plan van God in ons lewens, en dáárom is **alles** wat met ons gebeur, deur die beskikking van God vir ons ten goede. Dáárom kan Paulus sê dat vir hulle wat God lief het, alles ten goede meewerk.

Die geskonde beeld.

God het my uit genade bestem om die ewige heerlikheid in te gaan. Maar ek kan alleen daar ingaan as ek die beeld van sy Seun vertoon. Van nature vertoon ek egter nie daardie beeld nie. Deur die sonde is die oorspronklike mooi en goeie beeld van God wat in die mens was, geskend, en van nature vertoon ek ook daardie geskonde beeld. Maar daarmee kan ek die saligheid nie beërwe nie. Daarom moet ek verander word om die beeld van God se Seun te vertoon. En om die verandering in my tot stand te bring, werk God in my deur sy Woord en Gees. Maar onder die oorkoepelende werking van sy Woord en Gees gebruik God soms voorspoed en geluk, maar veral ook teëspoede, rampe, droefheid en leed om my te vorm om die beeld van Christus te kan vertoon,

Die herstel van die beeld.

Net *soos* 'n yster warm gemaak word en daarna op die aambeeld gelê word en met harde houe geslaan word om hom te buig en reg te maak om *'m* te pas in sy bestemde plek, moontlik as *'n* rat in, 'n masjien, so maak God ook soms met ons. Die harde houe van teëspoed en smart — daardeur maak God ons reg en vorm Hy ons om die beeld van sy Seun te vertoon en so in te pas in ons ewige bestemming op die nuwe aarde. En daarom werk al daardie harde houe ten goede mee vir hulle wat God liefhet,

So trek God my nader na Hom toe. So maak Hy die lewe vir my meer en meer Christus. So bring Hy in ons dieselfde gesindheid wat in Christus was. So leer Hy ons om al ons hoop en vertroue. net op Hom te stel. So verhinder Hy ons om van Hom af te dwaal en van Hom

vervreemd te raak. En so lei Hy ons deur dit alles heen na 'n ewige heerlikheid, en ... is dit alles dan uiteindelik nie tog ten goede nie?

Ons kry antwoord.

So kry ons ook antwoord op die vraag waarmee ons begin het: Waarom maak God so met my? God maak so met my omdat Hy met my 'n plan — 'n ewige plan en doel het, Hy maak *so* met my omdat Hy my die beeld van sy Seun wil laat vertoon sodat ek die saligheid kan beërwe.

Hieruit is dit ook duidelik dat ons lewe hier op aarde nie sinloos is sodat ons niks anders as reisigers na nêrens is nie. Nee, God maak dat my lewe sin en waarde het. God gee 'n doel en betekenis daaraan.

So vind ons rus.

Daarom moet ons nie verbitterd voel of murmureer as teëspoede en smart oor ons kom nie, maar ons moet daarin die hamerhoue voel van die hemelse Smid wat my slaan om my te vorm en reg te maak om in te pas in my ewige bestemming. So kan die gelowige ook rus vind onder alle kruis en droefheid. Hy vind rus daarin dat God se raadsplan tot sy eie beswil so aan hom volvoer word. Daarom kan hy onder die grootste smart nog met 'n opgehewe hoof deur die lewe gaan en gelowig weet en bely: In God se hand moet ook die smart beslis vir my ten goede wees, anders sou God dit nie oor my laat kom het nie.

En nou is die groot vraag: Leef ons in die geloof met die oog op die goeie plan en doel van God oor ons lewens? God se lewensplan en ons lewensplan.

Die groot rede waarom ons so dikwels verbitterd is en murmureer as dinge anders loop as wat ons graag wou hê, is omdat ons teenoor God se lewensplan met ons, ons eie selfbepaalde lewensplan gaan stel en probeer om dit ten alle koste deur te voer. En as dit dan bots met wat God oor ons beskik het, dan raak ons verbitterd en kom in opstand.

Ons dink dat ons weet wat vir ons goed is, maar ons vergeet dat ons hemelse Vader beter as ons weet wat vir ons goed is. En soos 'n aardse vader wat sy kind liefhet, soms nie aan hom gee wat hy vra as dit vir hom nie goed is nie, of iets van hom wegneem wat vir hom gevaarlik is — natuurlik tot droefheid van die kind enersyds, maar andersyds tot sy beswil — so doen ons hemelse Vader ook, maar net op volmaakte wyse.

Kinders van God.

Eendag sal God ten volle aan my openbaar waarom Hy so met my gemaak het, omdat dan ten volle in vervulling sal gaan wat ons lees in Joh. 3 : 2 "Geliefdes, nou is ons kinders van God en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees. Dan sal hierdie vraagteken oor God se handelswyse met my verander in 'n uitroepteken — in dankbaarheid teenoor Hom.

P. J. de Bruyn.

GEBED

Jesus Christus, my verlange en my liefde, neig U tot my. Ek roep U aan. Ek het U lief. Wees U die voorwerp van my gedagtes. Laat u lig my deurskyn sodat ek onder u leiding steeds meer gevorm word tot 'n aanskouing en 'n kennis van U soos U my ken. Salig is die reines van hart, want hulle sal God sien. Daarom bid ek U, o Here, gee my ter wille van u

barmhartigheid ootmoed en kruisiging van my eie-ek. Maak my vry van die boeie van die wêreld, en help my om die verganklike dinge te verdeel. Giet my liefde in tot U, 'n liefde sterk soos die dood. Wek in my 'n bron wat opspring tot in die ewige lewe. Laat my ingaan in u vreugde, sodat ek niks meer vrees nie. Lei my, sodat my niks ontbreek nie, en voer my deur alle donkerheid na u wonderbare lig.

Amen

Augustinus.

Die dominee is 'n hopelose ou man

Baie mense sê so.

En as baie so sê. dan moet daar seker 'n rede voor wees. Miskien sê sommige dit bloot uit nydigheid, of omdat hulle iets teen die kerk het en die dominee beskou as die verpersoonliking van die kerk.

Maar baie van dié wat meen dat die dominee hopeloos is, is mense wat die wêreld en die mense om hulle objektief en krities beoordeel. Hulle sien die foute en tekortkominge van die dominee raak.

Party mense wil dit nie raaksien nie.

Hulle dink die dominee is 'n soort verhewe, onaantasbare wese. Hy het nie foute nie. Wat dominee doen, is reg; wat dominee sê, mag nie teengespreek word nie.

Mense wat egter selfstandig dink, wat sake nugter en krities beoordeel, kan nie anders as om op te merk dat die dominee ook maar 'n swakke mens is, vol foute en gebreke.

Maar kan dit nou van 'n mens verwag word om na só iemand op te sien om leiding? Kan jy by hom hulp gaan soek met jou probleme? In alle billikheid verwag mens byvoorbeeld van hom dat hy só moet preek dat dit jou aangryp — en gewoonlik kry jy nie in die preek dit wat jy gaan soek het nie! En nog iets: jy gaan met jou probleme na die dominee en dan draai jy dikwels om sonder dat jy 'n bevredigende antwoord gekry het. Daarom sê ek: Die dominee is 'n hopelose ou man.

Dit sou darem baie makliker gewees het om te glo, baie meer opwindend om kerk toe te gaan as ons geleef het in die tyd toe Jesus op aarde was. Die Bybel sê immers dat baie mense Hom gevolg het van plek tot plek, net om na Hom te luister. En wanneer Hy boonop nog 'n wonderwerk gedoen het, hoe het dit nie die verbeelding van die mense aangegryp nie! 'n Blinde wat weer kan sien, 'n kreupele wat weer kan loop!

Of as ons maar net in die geleentheid was om Paulus te hoor preek. Hy het seker die skares meegevoer met kragtige, oortuigende redevoeringe. Is dit dan nie hy wat by geleentheid byna 'n koning oorreed het om 'n Christen te word nie?

Na sulke dominees sou 'n mens kon opsien.

Sou u?

Weet u wat die mense van Paulus gedink het? Ja, baie het wel sy woorde geglo. Maar veel meer het hom gehaat en verwerp — oor sy prediking!

En hoor net wat sê Paulus van homself . , . die geringste van die apostels; . . . die vernaamste van die sondaars. "Ek was by julle **in swakheid** . . ." "My prediking was **nie in oorredende woorde nie"**

'n "Hopelose" selfgetuienis?

Nee, dis 'n erkenning dat die werk van die HERE nie afhanklik is van die voortreflikheid van die mens nie — en nie verhinder word deur die swakheid van die mens nie. Daarom sê Paulus op 'n ander plek: "Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon."

Hulle het Jesus gekruisig.

En wat het hulle van Jesus gesê?

Toe Hy eenmaal in die dorp waar Hy opgegroei het, gepreek het, het die mense gesê: Is Hy nie die timmerman, die seun van Maria nie? Hulle het aanstoot aan Hom geneem. Op 'n ander keer het die mense selfs gesê: "Hy is van die duiwel besete en kranksinnig; wat luister julle na Hom?

Toe u die dominee opgesom het, het u reg geoordeel: hy is mens, met al die swakhede en gebreke van 'n mens.

Trouens, alle mense - ook dominees — is in die oog van die HERE swakkelinge, sondaars, skuldiges. In Psalm 14 word van die mense dit gesê: Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard: daar is niemand wat goed doen nie, ook nie een nie.

Die dominee is nie 'n verhewe mens nie.

Maar ondanks sy menslike swakhede het hy 'n roeping van God ontvang. óók ter wille van die mense. Die Bybel leer ons dat ampsdraers maar net dienaars is "deur wie julle gelowig geword het."

Daarom moet ons luister na die Woord wat hulle bring. Dis nie hul eie woorde, uit eie wysheid gespreek nie. Hul taak is om die **evangelie** te verkondig naamlik dat die sondes en swakhede wat ons almal aankleef, voor die aangesig van God bedek is deur Jesus Christus, vir elkeen wat Hom met 'n ware geloof aanneem.

A. S. L. M.

Solank as die lepel in die pappot staan

Die wekker lui. Dit is môre. Ag, hoe wreed om so uit die slaap geruk te word.

Die gejaag van die dag het begin. Kinders moet reggemaak word vir skool. Vader en moeder moet gereedmaak vir die dagtaak. Daar word gejaag.

Dit is aand. Nou weer tuisgekom. Vader is moeg, moeder is moeg, kinders is verwaarloos.

Nou nog al die sosiale verpligtinge. Ai, hierdie lewe is 'n dolle gejaag en, waarheen? Waarheen lei dit alles? Geen wonder dat die Prediker moet uitroep dat dit alles tevergeefs is nie.

Daar moet geld wees.

Maar so is die lewe nou maar. Daar moet geld wees en om dit te bekom, moet daar gewerk word en gejaag word, want daar moet nie net geld wees nie, maar genoeg ook. Die lewe stel sy hoë eise aan die mens vandag. Die lewensduurte styg steeds. Daarom hierdie gejaag.

Nou wil niemand ooit werk veroordeel nie. God het aan elkeen van ons 'n roeping en taak gegee. 'n Roeping wat ons ook nooit mag versaak nie. Meer nog, God eis van elkeen van ons getrouheid in sy roeping. Maar, die probleem van ons tyd is juis dat ons vergeet het dat dit 'n roeping van God is, dat ons die Gewer van ons dagtaak nie meer sien nie. Dat ons nie meer tyd het om uit *sy* Woord te lees en tot Hom te bid en sodoende ons dagtaak biddend te verrig nie.

Die lepel in die pappot.

Die probleem van ons tyd is dat alles net ingestel is op die stoflike, op die materiële. Alles is net ingestel op: "Solank as die lepel in die pappot staan". Daarom gaan dit. Om die stoflike. En die einde? Miskien 'n groot boedel, of miskien ook nie eers dit nie. O, wat is dan tog hierdie geswoeg en gesweet alles enkel ydelheid!

Ons word mos vandag geleef. Ons leef nie meer self nie. Moet ons dan daaroor verwonderd wees dat daar so baie senulyers in ons tyd is?

Die ryke dwaas.

Weet u wat dink Jesus van al hierdie geswoeg en gesweet en insameling van geld en stoflike besittings sonder God? Hy vertel van die ryk man wat sy skure vol gemaak het en toe vir homself gesê het: Ek het nou genoeg. Nou kan my siel hom verlustig in alles. En tog, in daardie selfde nag nog het die dood hom kom opeis. Wat 'n dwaasheid tog! Sy skure is vol, maar hy kan daar niks van meeneem nie.

Hierdie woord van Jesus geld vandag nog net so sterk vir ons en miskien nog sterker as in sy dae op aarde. In ons stede en dorpe en op ons plase loop daar ook baie mense rond wat niks anders is as ryke dwase nie. Sommige is net dwase, sonder die ryk daarby.

Wees eerlik.

Kom, wees nou eerlik. Ons het mos respek vir mense wat eerlik is. Wees u nou ook eerlik met uself. Is dit nie juis die nood van ons tyd en, ja, ook van my persoonlike lewe dat net gejaag word na hierdie aardse lewe en hierdie bestaan nie? Dat ek tevrede is solank as die lepel in die pappot staan.

Ag, weet u dan nie dat hierdie lewe verbysnel soos 'n gedagte nie? Dit is so kort. So gou gaan dit verby en dan . . hierna? Dan strek voor my 'n troostelose ewige rampsaligheid uit.

Weet u dan nie dat dit die nood is van ons tyd dat dit net gaan om kos en klere nie? Weet u dan nie dat die lewe nie net kos en klere is nie? Is dit, leser, ook u persoonlike nood?

Ons moet ons lewe anders inrig. Daar is 'n beter en uitnemender weg as om so te swoeg en sweet vir niks. Daar is meer as net hierdie lewe. Daar is 'n ewigheid hierna en ons moet daaraan dink.

Moenie julle kwel nie.

Jesus Christus wys u 'n ander weg. Immers, Hy wys u en my die enige weg. Hy sê: "Daarom sê ek julle: moenie julle

kwel oor jul lewe -- wat julle sal eet en

wat julle sal drink nie; of oor julle liggaam — wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?

Kyk na die voëls van die hemel: hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer word as hulle nie?"

Kinders van God.

Treffende woorde nie waar nie. God sorg vir sy kinders, Maar, dan moet ons tog ook sy kind wees. Hy het vir ons gesorg deurdat sy Seun Jesus Christus, ons met sy dierbare bloed gekoop het, gekoop het uit hierdie wêreld van sonde en dood en kommer.

Soek die koninkryk.

Hoor hoe sê Jesus verder: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word". Ons lees hierdie woorde in Mattheus 6.

Dit moet die doel van ons lewe wees om die koninkryk van God te soek. Dit wil nie sê dat ons dan nie hoef te werk nie. Nee, ons het reeds gesê dat die Christen weet dat God aan hom sy roeping gegee het, maar, dit wil wel sê dat daar 'n hoër en beter doel is as om bloot vir hierdie aardse te lewe.

Bekeer u!

U wat maar so voortleef sonder God en sy Woord, bekeer u tog! Stel u lewe in sy diens! Lê u lewe in sy hand. Hy sal u nooit verwerp as u tot Hom kom met berou oor u sonde nie,

U wat net leef vir hierdie tydelike lewe, maar net soek na hierdie tydelike brood, bekeer u tog! Christus gee sin en doel aan hierdie lewe.

Dit is die dringende roepstem wat tot u kom: Bekeer u tog! Môre is dit dalk vir ewig te laat.

W. J. J. du Plessis.

*'N **SWART** KAT VIR GELUK*

Hier kom Koos aan. Hy noem homself modern en vir my outyds.

Modern:

"Môre Outyds! Jy sê jy glo nog alles".

Outyds:

"Ja, ek glo. Bly jy nog by jou standpunt?"

Modern:

"Ja man. Kyk, ek is nie 'n ou wat vir enige ding val nie. Nee wat, geloof is outyds. Ek leef met verstand. Dinge wat ek nie verstaan nie, glo ek ook nie. Ek neem nie 'n ding aan voordat ek dit nie alles mooi met my verstand begryp het nie. Ons leef tog in die verligte eeu man!"

Outyds:

"Ag man, ek gaan nie met jou redeneer nie. Kom klim in en ry saam."

Modern:

"Dankie. Ek sien jou motor se nommer is 13".

Outyds:

"Ja, ek was bly toe ek 'n klein nommer kon kry."

Modern:

"Maar dit is mos 'n ongelukkige getal, man! Pasop die kat! Amper trap jy die swart kat dood. Jy kan bly wees dat 'n swart kat voor jou motor oor die straat gehardloop het."

Outyds:

"Hoe so?"

Modern:

"Dit beteken geluk vir jou!

Outyds:

"Ou Modern, hoe het ek dit met jou? Jy is dan 'n verligte wat aan niks glo maar nou glo jy dat die getal 13 ongeluk vir my sal bring en 'n swart kat geluk."

Modern:

"Nonsens man. . ."

Outyds:

"Nee, gee my kans. Ons tyd wemel van bygelowe."

Modern:

"Jy beskuldig my van bygeloof. Wat bedoel jy daarmee?"

Outyds:

"Ek bedoel:- dat jy aan sekere magte van die getal 1 3 glo: —jy glo dat 'n swart kat iets met jou toekomstige geluk te doen het, — dat jy van 'n skepsel iets verwag of iets vrees wat alleen in God se hande lê, — dat jy tog glo want jy kan nie vir my bewys hoekom 13 ongelukkig is

nie en 'n swart kat gelukkig nie. Kan jy?"

Modern:

"ee **. . .** Nee."

Outyds:

"Dus jy het 'n ou gelofie wat jy koester. Maar jy sê jy glo nie enige ding nie. Tog verwag jy iets van 'n swart kat. Jy stel jou vertroue op 'n swart kat. Jy glo in die swart kat. Dit is bygeloof. Want ware geloof is alleen 'n vaste vertroue op God."

Modern:

"Maar wat is verkeerd met 'n bietjie bygeloof?"

Outyds:

"Dit: dit is afgodery. Dit is ontering van God deurdat jy sy eienskappe, in besonder sy Almag en Alwetendheid toeskryf aan 'n skepsel — aan 'n kat!

Jy misken die feit dat God alles bestier; in Wie se Hand alles veilig is. Jy het gevra hoekom ek nie 'n 'mascot' in my motor het nie bv. 'n hout poppie aangesien dit geluk sou beteken?

Hoor hoe spot Jesaja met jou: "Hy (God) het 'n pynboom geplant en die reën het dit grootgemaak. Dan dien dit die mens as brandhout, en hy neem daarvan en maak hom warm; ook steek hy dit aan die brand en bak brood; ook maak hy daar 'n god van en buig hom daarvoor neer; ... en sê: Red my, want u is my god.!"

Kom man, dit bring jou niks in die sak nie.

In plaas van blydskap gee dit jou vrees, in plaas van sekerheid — onsekerheid, in plaas van rus — onrus, in plaas van vertroue — wantroue, in plaas van kommerloosheid — kommer, in plaas van geloof — ongeloof.

Dit alles is die werk van Satan.

Modern:

"Ek moet eerlik wees en erken dat my lewe nog altyd onrustig en onseker is; vol kommer oor die dag van môre. Maar ek weet nie hoe ek hiervan verlos kan word nie."

Outyds:

"Die verlossing is daar alleen deur Jesus Christus. Hy het Satan verslaan en ons tot God se kinders gemaak. As jy in Jesus Christus glo, kan ons vrymoedig tot God bid, want Hy sorg vir ons.

As God jou Vader is, hoef jy nooit te vrees nie.

Daar is vir jou ook ware geluk, sekerheid en blydskap — deur die geloof in Jesus Christus alleen, en nie deur 'n swart kat nie."

Modern:

"Dankie, Outyds.

Ek dink ek gaan sommer nou dadelik ook die perdeskoen van my huis se deur afhaal."

J. H. Boneschans.

HIER IS 'N VRIENDELIKE VERSOEK.

Mag ek jou 'n gunsie vra? Ek sal so bly wees as jy hierdie uitgawe van QUO VADIS ? vir jou vriend wil gee. Daardie vriend wat nooit meer kerk toe gaan nie. Jy weet mos hoe ongelukkig hyself daaroor voel. Wie weet, miskien is daar net een of ander woordjie in hierdie eenvoudige boekie wat die Here gebruik om sy hart te verander. Baie dankie by voorbaat.

En nou nog iets.

As jy daarin belangstel om QUO VADIS? gereeld te ontvang, skakel gerus die dominee van die Gereformeerde Kerk. Hy sal rëelings tref dat die blad elke maand na jou toe kom. Maar onthou, **QUO VADIS** ? is nie bedoel om gehou te word nie. Hy is op sy gelukkigste as hy weggegee word. Vir iemand wat hom nodiger het as jy. Jy het dit gratis ontvang. Gee dit ook gratis weg.

Dagsê,

Die Redaksie.